Mei 2017

## Wêreldekonomie

VS-verbruikersbesteding het in April sy grootste styging in vier maande aangeteken en maandelikse inflasie het teruggespring, wat op die verstewiging van binnelandse vraag dui, en volgens Reuters die Federale Reserwe in staat stel om volgende maand rentekoerse te verhoog. Die VSA Buro van Ekonomiese Ontleding het 'n opwaartse hersiening van die eerste kwartaal se BBP-groei aangeteken (vanaf 0,7% na 1,2%). Die VK se meningspeiling dui op 'n verkleining van die gaping tussen Arbeiders en Konserwatiewes. Hierdie tendens het sommige markdeelnemers ongemaklik laat voel, wat die pond laat daal het. Daar word geraam dat die koste van die British Airways IT fiasko einde Mei om en by €100m kan wees. Baie erger nog is die skade aan die handelsmerk se aansien. Mario Draghi, Hoof van die Europese Sentrale Bank, het gesê die ESB is "vas oortuig" dat hulle hul ingryping by die eurosone se ekonomie moet handhaaf sodat herstel nie ondermyn word nie. Die ESB het rentekoerse op 'n historiese laagtepunt gestel, goedkoop lenings aan banke aangebied en elke maand miljarde euro se effekte gekoop in 'n poging om kontant deur die finansiële stelsel en in die reële ekonomie te pomp. China se koopbestuurdersindeks (KBI) vir Mei was hoër as wat verwag is. Wêreldmarkte was geskok deur Moody's se afgradering van China se kredietgradering vir die eerste keer in byna 30 jaar, en gesê daar word verwag dat die finansiële sterkte van die ekonomie in die toekoms sal verswak wanneer groei verlangsaam en skuld steeds styg.

## SA Ekonomie

SA verbruikersinflasie is in April 2017 baie laer as wat verwag is, teen net 5,3%, af van 6,1%. Inflasie behoort binne die 3%-6% teiken te bly vir 'n aansienlike tydperk. Die SA Reserwebank het besluit om koerse onveranderd te laat, soos verwag is. Die kanse op 'n koersverlaging voor die einde van 2017 is groter, veral indien inflasie nog verder afwaarts beweeg. "Politieke spanning en die onlangse soewereine afgradering het risiko's vir groei meegebring en as sodanig daartoe gelei dat die SA Reserwebank (SARB) groei voorspellings afwaarts hersien," het SARB adjunkpresident, Lesetja Kganyago, gesê. Suid-Afrika het in April 'n R5,1 miljard handelsurplus aangeteken na 'n hersiene R11,3 miljard surplus in Maart, volgens data van die inkomste-agentskap. Uitvoere het in April met 9,2% tot R91,78 gedaal op 'n maand-tot-maand-grondslag, terwyl invoere ook gedaal het, met 3,4% tot R86,7 miljard. Suid-Afrika se werkloosheid het in die eerste kwartaal van 2017 met 1,2 van 'n persentasiepunt tot 27,2% gestyg.

## Tendense en geleenthede

- Die VS Federale Reserwe sal na verwagting rentekoerse in Junie 2017 verhoog.
- Die VS BBP-groeikoers het meer as wat verwag is, gestyg.
- SA werkloosheid het met 1,2 van 'n persentasiepunt tot 27,7 gestyg.
- SA verbruikersinflasie behoort binne die SARB-teiken van 3% tot 6% vir 'n geruime tyd te bly.

*"Intensity is the price of excellence."* — ***Warren Buffett***

**RvD de Kock** **PJ de Jongh**

NOBLE PRIVATE PORTFOLIOS (PTY) LTD
Reg No: 1996/006915/07

Suite 2 | 77 Park Drive | Northcliff | 2195
Tel: +27 (0) 11 476 8548 | Fax: +27 (0) 11 476 8375 | Website: www.noblepp.co.za

Directors: P J de Jongh, P A van Zyl, H W du Preez

*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002 (568)*
*Noble Private Portfolios (Pty) Ltd. is a member of StoneHouse Capital*

STONEHOUSE CAPITAL
Partnering the Exceptional